

Stelling: Alles is tevergeefs (Pred 1:1-1:11)	Bewys: Alles is tevergeefs (Pred 1:12-6:12)	Raad: Vrees God! (Pred 7-12)
935 vC geskryf deur Salomo vir almal "onder die son" = die hele wêreld		
Alles tevergeefs deur die aardse bril		Die gelowige se bril

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Spr 1:1-7, Pred 1	Spr 1-2, Pred 1
Di	Spr 3:1-6, 4:20-27 en Pred 2:17-26	Spr 3-4, Pred 2
Wo	Spr 10:1,15-22, Pred 3:1-15	Spr 10-11, Pred 3
Do	Spr 15:16-22, Pred 7:11-18	Spr 15-16, Pred 7
Vry	Spr 22:17-29, Pred 9:1-10	Spr 22-23, Pred 9
Sat	Spr 25:16-28, Pred 11	Spr 25, 28, Pred 11
Son	Spr 31:10-31, Pred 12	Spr 31, Pred 12

As jy die boek wil verstaan moet jy die sinsnedes onderstreep wat op goddeloses van toepassing is: *"alles kom tot niks", "dis 'n gejaag na wind", "onder die son op die wêreld"*. Daarteenoor moet jy 'n kring trek rondom die woord "God" wat op die gelowiges van toepassing is. Dis twee brille, die een van die gelowige die ander van die gelowige.

Die bril van "onder die son" – 'n aardse een dimensionele bril

Die boek wys vir ons daar is drie soorte mense van die vlees (sondige mense):

- Mense wat net lewe vir plesier (drank, vroue ens)
- Mense wat baie korrek lewe, maar so ambisieus dat hulle op ander trap
- Mense wat mooi dinge waardeer kuns, teater, musiek ens, maar God is nie in hulle lewe nie

Wat is die gevolgtrekking van die lewe sonder God? Alles kom tot niks (2:17-24).

Die bril van die geloof

- God gee die genietinge van die wêreld (Pred 2:24).
- Jy moet besef jy is 'n mens en kan nie sonder God lewe nie (3:11)
- Jongmense moet nie in hulle vreugde van God vergeet nie (Pred 11:9)
- Vir die oumense: God maak die lewe sinvol (Pred 12:2-5)

Wat is die gevolgtrekking van 'n lewe met God? Alles kom van God (2:24-26).

Memoriseervers: *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." (Spr 4:23).*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Prediker

Prediker dink oor die sin van die lewe,
ja, dit waarna jy eintlik moet strewe...

Sit op die eerste bril, my kind:
"Alles kom tot niks, dis 'n gejaag na wind." (Pred 2:17)

Die boek beskryf drie soorte mense:
Vir die eerste is plesier sy wense.
Ander leef reg, maar hul ambisie vertrap en verkul.
Vir die derde is kuns, teater en musiek wat hul vervul.

Is jy nie God se kind,
is dit 'n gejaag na wind!

Sit op die bril van geloof,
dan sien jy wat God beloof:
Dis 'n gawe uit God se hand
dat jy met vreugde kan eet van jou land! (Pred 2:24)

Dink aan jou Skepper in jou jeug,
dan sal jy jou ook in jou oudag verheug. (Pred 12:1)

'n Gejaag na wind?
Nie vir God se kind!
Dien jý vir God?
Hou jý Sy gebod! (Pred 12:13)

Lees hierdie pragtige beeldspraak oor mense in hul ouderdom. *1Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie."* *2Dit is die tyd wanneer die son donker sal word en ook die daglig, die maan en die sterre, die tyd wanneer dit weer bewolk word ná die reën.* *3Dit is die tyd wanneer die wagters van die huis sal bewe, die sterk manne waggel en die malers ophou maal omdat hulle min geword het, die tyd wanneer dit donker word vir dié wat deur die vensters kyk, 4wanneer die deure na die straat toe toegemaak word, die geluid van die meul dof word, die tyd wanneer 'n mens opstaan as die voëls begin sing al hoor hy geen lied meer nie.* *5Dit is die tyd wanneer hy bang is vir 'n hoogte en vir alles op die pad skrik, die tyd wanneer die amandelboom in bloei staan, die sprinkaan homself moeisaam voortsleep en die kapperkruid nutteloos word, die tyd wanneer die mens na sy ewige woning gaan en dié wat treur, op die straat rondgaan, 6die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek, die kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val, 7die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het. (Spr 12:1-7)*

Mag jy jou lewe deur die geloofsbril leef sodat wanneer dit jou beurt is om so beskryf te word, jy steeds met God se liefde en vreugde gevul is!

Spreuke vir die jeug 1 (Spr 1-9)	Salomo, versameling 1 (Spr 10-22:16)	Spreuke vir die jeug 2 (Spr 22:17-24:34)	Salomo, versameling 2 (Spr 25-29)	Woorde van Agur en Lemuel (Spr 30-31)
970, Salomo se tyd in Juda			720vC, Saamgestel in Hiskia se tyd in Juda	

Wie my [wysheid = Christus] vind, vind die lewe self en geniet die guns van die Here. (Spr 8:35)

Ons kry die doel van die Spreuke in Spreuke 2:2-4:

1. Om mense wysheid te leer en hulle te onderrig
2. Om mense onderskeidingsvermoë te gee
3. Om mense behoorlike opvoeding te gee
4. Om mense 'n sin van regverdigheid, reg en billikheid te gee
5. Om die wat nog nie kennis het nie, verstandig te laat word

In die tyd toe die Spreuke geskryf is, kon die meeste mense nie lees of skryf nie. Wysheid is daarom in kort bondige uitdrukkings saamgestel en het deel van die mondelingse onderrig uitgemaak. Dis 'n versameling morele riglyne vir die gesin – vaders, moeders, kinders en bediendes, kry riglyne, maar ook konings en regters.

Waar die Psalms die grondslag vir aanbidding lê, vorm Spreuke die basis vir die praktiese uitlewing van geloofsbeginsels. In Psalms word die liefde tot God gevind, in Spreuke die liefde tot die naaste.

Die boek gee goeie geestelike riglyne:

Wysheid begin by die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig (Spr 9:10).

Ek onderrig juis vir jou vandag sodat jy op die Here kan vertrou (Spr 22:19).

Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm die wat by Hom skuil (Spr 30:5)

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou op die regte pad laat loop. (Spr 3:5,6)

Maar gee ook praktiese raad:

'n Man wat owerspel pleeg, moet van sy verstand af wees, iemand wat dit doen verwoes sy lewe (Spr 6:32)

As hulle drink, vergeet hulle wat die wet bepaal... (Spr 31:5)

Rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak word ryk (Spr 13:11).

Memoriseervers: *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. (Spr 4:23).*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Spreuke - wysheid

Wat die boek Spreuke probeer,
is om mense wysheid te leer:
Kennis begin met die dien van die Heer! (Spr 1:2,7)

Die meeste van jou smart
se oorsprong is jou hart..
As die wyse begin praat
kan ander daarby laat baat (Spr 4:23, 10:3)

Wysheid waarsku teen die slegte vrou
Haar pad lei na die dood vir jou..
'n Knap vrou is soos 'n edelsteen
Op haar moet jy eerder steun! (Spr 2:16, 5:3-5)

Liewer te min hê en reg lewe
as om oneerlik na geld te strewe
Dis die seën van die Heer wat rykdom bring
Jou geswoeg verdien nie 'n enkele ding! (Spr
16:8, 10:22)

As drank jou slingerend maak
wys dit dat wysheid jou nie raak... (Spr 20:1)

Moenie op jou eie probeer leer,
vertrou eerder op die Heer.
Jy moet Hom in alles ken
dan sal jy die regte pad herken! (Spr 3:5-6)

In die lees van die boek is die volgende riglyne belangrik om die boek reg te verstaan:

Wysheid is lewenskuns volgens God se wil, ja dit is geloofskennis. Kennis op sy beurt is om God te ken. Ons kry dié wysheid in die Woord.

God drie-enig is die inhoud van hierdie wysheid:

- Die Vader is die bron daarvan
- Christus is die onderwerp van die wysheid: *Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God af kom: die vrysprak, die heiliging en die verlossing. (1 Kor 1:30).* In Spreuke is wysheid Christus.
- Die Heilige Gees is die gewer van die wysheid: *Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlijkheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. (Ef 1:7).*